TAAKSPAN GRAVAMINA

1. ONTSTAAN EN SAMESTELLING VAN TAAKSPAN.

1.1 Waarom weer gravamina?

Die Algemene Sinode Moderamen (ASM) het in 2016 ‘n Buitengewone Algemene Sinode (BAS 2016) byeengeroep om die gravamina, besware en voorleggings ten opsigte van die besluite wat die Algemene Sinode (AS) 2015 oor selfdegeslagverhoudings geneem het, te oorweeg (Sien Reglement 19.7). In aanloop na BAS 2016 het ‘n appèlliggaam op grond van prosedurele besware beslis dat die AS 2015 besluite oor selfdegeslagverhoudings ter syde gestel word. Die bevinding van die appèlliggaam is aan die begin van BAS 2016 bekend gemaak. BAS 2016 het daarna voortgegaan om nuwe besluite met betrekking tot selfdegeslagverhoudings te neem. 11 Lidmate van die NG Kerk het hulle tot die hof gewend met die doel om BAS 2016 besluite met betrekking tot selfdegeslagverhoudings ter syde te stel en die AS 2015 besluite oor dieselfde aangeleentheid as die geldende besluit te maak. Die hof het op 7 Maart 2019 soos volg beslis:

> “The result of the irregular and unlawful process was that the appeals process did not set aside the 2015 decision and the 2015 decision was thus still ‘alive’ when the 2016 decision was made.” (Par 48)
>
> “The decision on same sex relationships adopted during the extra-ordinary meeting of the General Synod of the Dutch Reformed Church during 7-10 November 2016 is declared unlawful and invalid.” (Par. 96)

Uit bg. twee aanhalings is dit dus eerstens duidelik dat die AS 2015 besluit nooit ter syde gestel is nie, en tweedens dat die BAS 2016 besluit deur die hof ter syde gestel is omdat die BAS 2016 nie een van die voorgeskrewe maniere waarop ‘n besluit ter syde gestel kan word, gebruik het nie. Die besluit van die AS 2015 rakende selfdegeslagverhoudings is gevolglik die wettige geldende besluit van die Algemene Sinode.

In terme van Reglement 19 kan ‘n lidmaat of ‘n kerkvergadering wat beswaar het teen ‘n besluit van die Algemene Sinode sodanige beswaar by wyse van ‘n gravamen aan die Algemene Sinode voorlê. Die bedoeling van die gravamina ná die AS 2015 besluit oor selfdegeslagverhoudings was juis om dit te doen. As gevolg van die prosedurele foute wat by BAS 2016 gemaak is en die gevolglike nietigverklaring van die BAS 2016 besluite, is die gravamina nog nie deur die Algemene Sinode afgehandel nie. Derhalwe word daardie gravamina weer aan die Algemene Sinode voorgelê vir oorweging. (*Kerkorde*, 2013, Reglement 19.7) Intussen is daar na BAS 2016 en die beslissing van die hof op 7 Maart 2019 verdere gravamina met betrekking tot die geldende besluit van die AS (2015) rakende selfdegeslagverhoudings en die Belydenis van Belhar ontvang.

1.2 Hoe het die taakspan tot stand gekom?

Die ASM het op Maandag 1 Julie 2019 elektronies die volgende besluit geneem:

“**dat alle gravamina wat sedert AS 2015 ingehandig is aangaande SGV en belydenisgrondslag na ‘n Taakspan verwys word vir voorlegging by AS 2019;**

“dat die ASM versoek word om volmag aan die moderatuur te verleen om hiervoor ‘n taakspan aan te wys;

“dat die taakspan soos volg saamgestel word: die voorsitter van die vorige taakspan vir gravamina, drie lede van die ATR, drie lede van ATLAS.”

Die ATR (Algemene Taakspan Regte) en ATLAS (Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake) het elkeen uit hulle eie geledere drie persone aangewys. Die taakspan het uit die volgende lede bestaan:
Ds. Heerden van Niekerk (ATLAS en voorsitter van die Taakspan), drr. Fanie Cronjé (ATLAS), Chris du Raan (ATLAS), Dewyk Ungerer (ATR), Bertus Celliers (ATR), Lourens Bosman (Voorsitter vorige taakspan vir gravamina), ds. Attie Nel (ATR).

2. OPDRAG VAN TAAKSPAN.

Die opdrag van die taakspan word vervat in die eerste besluit van die ASM op 1 Julie 2019: "**dat alle gravamina wat sedert AS 2015 ingehandig is aangaande SGV en belydenisgrondslag na 'n Taakspan verwys word vir voorlegging by AS 2019;**

3. VORIGE BESLUITE: 2007, 2013 EN 2015.

In die lig van die kompleksiteit van die aangeleentheid is dit belangrik dat die besluite van die Algemene Sinode sedert 2007 (soos opgeneem in die *Kerkordeboek* oor selfdegeslagverhoudings aangehaal word:

3.1 Selfdegeslagverhoudings

42. HOMOSEKSUALITEIT

BESLUITE 2007

42.1 Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.

42.2 Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.

42.3 Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

42.4 Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.

42.5 Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

42.6 Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

42.7 Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die Sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

42.8 Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

42.9 Die Algemene Sinode verklaar dat die besluit van 8 punte insake homoseksualiteit as 'n eenheid aan die Algemene Sinode gestel is en dat hierdie besluit as 'n eenheid gelees en verstaan moet word.
(Handelinge AS 2007, pp 204-205, pte 12.2 en 12.3)

BESLUITE 2013 (SOOS GEAMENDEER)

Die Algemene Sinode

42.10 bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na ’n deeglike eksegetiese en teologiese studie.

42.11 gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie.

42.12 besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.

42.13 verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die seisoen van menswaardigheid.
(Handelinge AS 2013)

BESLUITE 2015

42.14 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

42.14.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

42.14.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ’n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

42.14.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou word.

42.14.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

42.14.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

42.14.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

42.14.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ’n gees van Christelike liefde te doen.

42.14.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ’n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ’n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

42.14.9 Die Algemene Sinode besluit om ’n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds ’n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.

42.14.10 Die Algemene Sinode besluit om ’n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

42.15 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: NAMIBIË

42.15.1 Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees “erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag”, in stryd is met die landswette van Namibië.

42.15.2 Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie besluit oor selfdegeslagverhoudinge nie van toepassing is op die Sinode van Namibië nie.

42.16 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: KERKREGTELIKE EN REGS-IMPLIKASIES

42.16.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASR op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.

42.16.2 Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die *Civil Union Act*, 17 van 2006 vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: *Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act*).

42.17 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS – MENSE WAT SEERGEKRY HET

42.17.1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.

42.17.2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit ’n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.
(Handelinge AS 2015, Sesde sittingsdag)”

3.2 BELHAR BESLUIT VAN 2015.

ARTIKEL 1

4.9 Die Algemene Sinode ontvang die uitslag en verslag ten opsigte van die Artikel 1-proses en verwys dit na sinodes om in hulle eie konteks daaraan aandag te gee soos hulle nodig ag.

4.10 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.

4.11 Die Algemene Sinode rig die volgende pastorale skrywe aan die kerkverband:

Met die skrywe van die Moderamen in Junie 2014 is die finale fase betree waar lidmate, kerkrade en sinodes hulle goedkeuring moes gee vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Die proses het oor die algemeen baie vlot verloop. Stemme is op verskillende wyses uitgebring, getel en die uitslae is voorsien aan die Moderamen wat dit op hulle beurt voorgelê het aan die Algemene Sinode.
Die Algemene Sinode 2015 het daarop die volgende besluite geneem:
1 Die Algemene Sinode ontvang die uitslag en verslag ten opsigte van die Artikel 1-proses en verwys dit na sinodes om in hulle eie konteks daaraan aandag te gee soos hulle nodig ag.

2 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.
3 Die Algemene Sinode rig hierdie pastorale skrywe aan die kerkverband.
Uit die terugvoering wat van die kerkrade, ringe en sinodes ontvang is, is dit duidelik dat daar inderdaad groot moeite gedoen is om die proses korrek en eerbaar te laat verloop. Ongelukkig het ons ook kennis geneem daarvan dat daar lidmate, ampsdraers en selfs hele gemeentes is wat diep seergekry het en steeds seerkry. Ons het gehoor van spanning, teleurstelling en ernstige en eerlike worsteling met vrae oor die proses, die uitslae en die moontlike gevolge daarvan vir lidmate, gemeentes, verhoudinge in die NG Kerk en die NG Kerk se verhoudinge met die ander kerke in die NG Kerkfamilie.
Ons bede is dat die Here deur sy Woord en Gees nou ná alles weer heling sal bring in die gemoedere van lidmate, ons onderlinge verhoudinge en ons kerk se verhoudinge na buite. Ons doen dan ook 'n beroep op sinodes en kerkrade om hulle met die nodige deernis en begrip te beywer vir versoening tussen lidmate deur hulle aan te moedig om in opregte liefde vir die Here, sy kerk en mekaar in respek en vertroue hande te vat sodat ons almal saam ons roeping in Suidelike Afrika kan uitleef. Met die oog daarop is die woorde van Lied 532 baie gepas:
Ons Vader, neem ons hande en maak ons een.
Versterk U self die bande – gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.
Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan, laat Hy ons lei,
Dat ons u Woord gehoorsaam – ons aan U wy.
Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede, en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede in Jesus Naam. Amen.
(Handelinge AS 2015, Dag 2, pt 15)"

4. KRITERIA WAT GEBRUIK IS OM GRAVAMINA TE OORWEEG.

Gravamina word genoem in Reglement 19 van die *Kerkorde*, 2013. Die volgende bepalings in die reglement is direk van toepassing op gravamina:

> "1.1.1 Besluite van kerklike vergaderings is bindend, maar dit kan herroep, gewysig of vervang word by wyse van revisie, appèl, beswaar of gravamen."

In hierdie geval het ons nie te make met besware nie. Die Reglement gee die volgende definisie van 'n (appèl of) beswaar:

> "1.1.2: **Appèl en beswaar** behels 'n beroep op 'n meerdere vergadering wanneer 'n lid 'n lidmaat en/of kerkvergadering verontreg voel oor 'n mindere kerkvergadering se besluit."

In hierdie geval het ons te make met die besluite van die algemene sinode (en nie 'n mindere vergadering nie) en geld 'n (appèl of) beswaar dus nie.

Gravamen word as volg beskryf:

> "1.1.3 **Gravamen** word gebruik om op die Algemene Sinode 'n ernstige beroep te maak om 'n beslissing in sake die leer van die kerk."

Uit hierdie paragraaf kom die volgende kriteria na vore:

(i) ‘n Gravamen maak ‘n ernstige beroep op die Algemene Sinode.
(ii) ‘n Gravamen vra dat ‘n beslissing gemaak word, m.a.w. ‘n bepaalde besluit geneem word.
(iii) ‘n Gravamen handel oor die leer van die kerk.

In Reglement 19.7 word gravamen weereens beskryf:

> “Benewens die reg van appèl of beswaar kan ‘n lidmaat of ‘n kerkvergadering wat beswaar op grond van die Skrif, die Belydenis en/of die *Kerkorde* teen ‘n besluit van die Algemene Sinode het, die beswaar by wyse van ‘n gravamen aan die Algemene Sinode voorlê. Indien die gravamen ontvanklik is, word dit vir oorweging aan die Algemene Sinode voorgelê.”

Uit hierdie paragraaf blyk die volgende kriteria:

(i) ‘n Gravamen moet ‘n beswaar op grond van die Skrif wees; en/of
(ii) ‘n Gravamen moet ‘n beswaar op grond van die Belydenis wees; en/of
(iii) ‘n Gravamen moet ‘n beswaar op grond van die *Kerkorde* wees.
(iv) ‘n Gravamen moet aan die Algemene Sinode gerig wees.
(v) Die ontvanklikheid van ‘n gravamen moet beoordeel word alvorens dit aan die Algemene Sinode voorgelê word.

Gravamina wat ontvang is, is deur die taakspan aan die hand van die volgende kriteria oorweeg vir ontvanklikheid en voorlegging aan die Algemene Sinode:

- Die gravamen moet ‘n beswaar bewoord en beredeneer. ‘n Een sin beswaar word nie beskou as ‘n ontvanklike gravamen nie.
- Die gravamen doen ‘n ernstige beroep op die sinode om ‘n spesifieke besluit met betrekking tot die leer van die kerk te maak.
- In die beredenering van die beroep/beswaar moet daar vermelding en beredenering van Skrif, Belydenisskrifte en/of die *Kerkorde* wees.
- Gravamina, beswaarskrifte, voorleggings wat by die BAS 2016 gedien het en aan die kriteria van ‘n gravamen voldoen.
- Gravamina wat na BAS 2016 ingedien is en aan die kriteria vir ’n gravamen voldoen.
- Gravamina wat blote herhalings van ander gravamina is, is nie almal ontvanklik nie.
- Gravamina, beswaarskrifte, voorleggings moet aan die Algemene Sinode gerig wees.
- Skrywes wat enige vorm van onaanvaarbare taal gebruik, is nie ontvanklik nie.”

5. DOKUMENTE WAT DEUR DIE TAAKSPAN HANTEER IS

‘n Baie groot getal dokumente rakende selfdegeslagverhoudings en die belydenisgrondslag van die NG Kerk is in skrywes aan die kantoor van die Algemene Sinode voorgelê. Die taakspan het aan die hand van bogenoemde kriteria elkeen van die skrywes beoordeel. Sommige skrywes het nie aan die kriteria van ‘n gravamen soos deur die taakspan bepaal voldoen nie, maar daar is deurlopend verseker dat die saak wat in sulke skrywes ter sprake kom, wel in ander gravamina, voorleggings en skrywes voorkom. Die verskillende gravamina, voorleggings en skrywes is op hierdie wyse op die webblad en ook op die CD wat aan afgevaardigdes gestuur is georden.

5.1 Besware teen 2015 (Prosedureel)

Die prosedurele besware wat teen die AS 2015 besluite met betrekking tot selfdegeslagverhoudings ingedien is, is deur die verteenwoordigers van die ATR op die taakspan verwerk met die doel om die inhoud van die besware op ‘n hanteerbare wyse aan die Algemene Sinode voor te lê. Die taakspan het op geen stadium gepoog om die meriete van die besware te beoordeel nie. Sinodegangers word steeds opgeroep om die dokumentasie soos beskikbaar gemaak self te raadpleeg.

Die taakspan het die gravamina, skrywes en voorleggings alfabeties volgens die outeur georden. Die aanbevelings wat gemaak is, is elke keer aangehaal. Die taakspan het voorts in die verslag gepoog om die besware wat oor dieselfde saak handel te groepeer.

Die verslag van die taakspan rakende die prosedurele besware word as **Bylaag A** by die verslag van die taakspan aangeheg.

5.2 Besware teen 2015 (ATLAS)

Die teologies-etiese besware wat teen die AS 2015 besluite met betrekking tot selfdegeslagverhoudings ingedien is, is deur die verteenwoordigers van die ATLAS op die taakspan verwerk met die doel om die inhoud van die besware op ‘n hanteerbare wyse aan die Algemene Sinode voor te lê. Die taakspan het op geen stadium gepoog om die meriete van die besware te beoordeel nie. Sinodegangers word steeds opgeroep om die dokumentasie soos beskikbaar gemaak self te raadpleeg.

Die taakspan het die gravamina, skrywes en voorleggings alfabeties volgens die outeur georden. Die aanbevelings wat gemaak is, is elke keer aangehaal asook ‘n aanduiding van die rubrieke waaronder die motivering/beredenering gedoen word.

Die verslag van die taakspan rakende die teologies-etiese besware word as **Bylaag B** by die verslag van die taakspan aangeheg.

5.3 Beroepe ten gunste van

Die teologies etiese beroepe ten gunste van die AS 2015 besluite met betrekking tot selfdegeslagverhoudings ingedien is, is deur die verteenwoordigers van die ATLAS op die taakspan verwerk met die doel om die inhoud van die voorleggings op ‘n hanteerbare wyse aan die Algemene Sinode voor te lê. Die taakspan het op geen stadium gepoog om die meriete van die voorleggings op beroepe te beoordeel nie. Sinodegangers word steeds opgeroep om die dokumentasie soos beskikbaar gemaak self te raadpleeg.

Die teologies etiese oproepe ter ondersteuning van die AS 2015 besluit met betrekking tot selfdegeslagverhoudings vorm deel van **Bylaag B**.

5.4 Dokumente wat nie oorweeg is nie

Ter wille van deursigtigheid het die taakspan besluit om ook aan te dui watter skrywes in terme van die kriteria nie ontvanklik was nie. Dit is aangedui in die naam van die dokument in die lêer met al die dokumentasie wat ontvang is (op die CD en webblad).

5.5 Alle dokumentasie wat deur die taakspan hanteer is

Al die dokumentasie wat deur die taakspan hanteer is, is op die CD wat versprei is en op die webblad beskikbaar gestel.

6. REGSMENING WAT DIE TAAKSPAN INGEWIN HET

By die eerste vergadering van die taakspan was daar wesenlike vrae oor die implikasies wat die hofuitspraak van 7 Maart 2019 op die werksaamhede van die taakspan en Algemene Sinode sou kon hê wanneer die selfdegeslagverhoudings bespreek word. Die taakspan het twee onafhanklike advokate, waarvan die een ‘n senior advokaat is, wat nie voorheen enigsins op ‘n direkte en/of indirekte by die saak betrokke was nie genader om ‘n regsmening oor die aangeleentheid te gee. Die regsmening word as **Bylaag C** by die verslag van die taakspan aangeheg.

7. REVISIE VAN VORIGE BESLUITE

Soos blyk uit die hofuitspraak van Maart 2019, is die vra en toestaan van revisie van ‘n vorige besluit van die sinode ‘n baie belangrike prosedurele saak. Die volgende gravamina vra om revisie van vorige besluite van die Algemene Sinode:

Secunda-Oos (SGV)
Die kerkraad van die NGK Secunda-Oos stel voor:
1. Dat die jongste besluit oor selfdegeslagverbintenisse van die AIgemene Sinode in revisie geneem word.

Strauss S (SGV)
My voorstel rondom hierdie saak is dat die NG Kerk sinode moet terugkeer na die status quo soos wat dit was voor 2015 Algemene Sinode, met ander woorde ek vra revisie van 2015 en 2016 se besluite.

Strauss, S (Belydenis van Belhar)
Daarom rig ons hierdie beswaarskrif aan die sinode en vra dat die huidige besluit rondom Belydenis van Belhar herroep sal word en uitvoering gegee sal word aan die besluit volgens die stemming oor hierdie saak volgens Artikel 44 van die Kerkorde.

Suiderstrand (Smith, C en lidmategroep) (SGV)
Revisie:
Dus op grond van bogenoemde vier punte van beswaar vra ons dat revisie geneem word van al bogenoemde sinode besluite en dat die volgende vier voorstelle in die plek daarvan oorweeg sal word, naamlik ...

Theron, J (Belydenis van Belhar) - is verwys na die Algemene Taakspan Regte vir hantering.
3. Die Sinode neem Kerkorde Artikel 44 in revisie.

8. AANBEVELINGS

8.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werksaamhede van die Taakspan Gravamina.

8.2 Die Algemene Sinode oorweeg die gravamina wat ontvang is na aanleiding van die volgende verslae van die Taakspan Gravamina:
8.2.1 Die verslag rakende prosedurele en kerkordelike aangeleenthede;
8.2.2 Die verslag rakende die leer en die belydenis van die NG Kerk.

8.3 Die Algemene Sinode keur goed dat die gravamina met betrekking tot die prosedurele en kerkordelike aangeleenthede eerste in behandeling geneem word.

8.4 Die Algemene Sinode keur goed dat die gravamina rakende leerstellige aangeleenthede met betrekking tot selfdegeslagverhoudings, eers in behandeling geneem word nadat die gravamina oor prosedurele en kerkordelike aangeleenthede afgehandel is.

8.5 Die Algemene Sinode neem kennis van die gravamina wat kennis van revisie gegee het met betrekking tot die besluite wat die Algemene Sinode in 2015 oor selfdegeslagverhoudings geneem het (Reglement 19.2.2.2, Kerkorde 2015).

8.5.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die gravamen (Theron, J) wat vra dat die besluit oor die belydenisgrondslag in revisie geneem word, na die Algemene Taakspan Regte verwys is.

8.5.2 Die Algemene Sinode handel met die aansoeke om revisie volgens KO Reglement 3 (8.2.5) naamlik:

> **8.2.5 Die vergadering beslis met meerderheidstem of die revisie toegestaan word. Indien toegestaan, word die saak weer oopgestel vir bespreking en kan die vergadering tot ’n ander besluit kom of die vorige besluit kan gehandhaaf word.**